Noordelike Sinode

TAAKSPAN SENIORVOLWASSENEBEDIENING

Verslag

Inhoudsopgawe

1. **Inleiding**
   Ds. Karel Albrecht

2. **Wat is seniorvolwassenebediening?**
   Dr. Petrus Moolman

3. **Psigososiale aspekte van seniorvolwassenenheid**
   Dr. Pieter Jooste

4. **Oudword, geloof en geloofsgemeenskap**
   Ds. Stanwin Street

5. **Seniorvolwassenheid en eensaamheid**

   Ds. Abraham Viviers, ds. Karel Albrecht

6. **Drie-geslag gesinne**

   Ds. Tienie de Bruyn

7. **Ondersteuning**

   Dr. Petrus Moolman, dr. Eddie Harvey, ds. Ewald Schmidt en Hannetjie Harvey

8. **Finansiële uitdagings**
   Dr. Bettie Wagner-Ferreira, ds. Petro Jonker, en ds. Stanwin Street

9. **Begeleiding tydens die sterwensproses, die dood en die rouproses**

   Ds. Pieter Jooste

10. **Samevatting**
    Ds. Pieter Jooste, ds. Karel Albrecht

11. **Aanbevelings**

1. Inleiding

Baie gemeentes beleef 'n groter wordende ouer komponent lidmate. Daarmee saam is aftree- en versorgingsoorde besig om groot konsentrasie van ouer wordende gemeenskappe te skep wat nuwe uitdagings en geleenthede bied aan gemeentes.

Die opdrag aan die taakspan lei soos volg:
Om in samewerking met die SKDBM oor bejaardesorg in gemeentes te besin en moontlike aksieplanne te formuleer.

Die taakspan het een keer as geheel vergader en verder in sub groepe. Elke groep het hulle eie opdrag gehad en hulle insette word net so weergegee in die verslag. Duplisering is moontlik.

Die SKDBM het as gevolg van werksdruk nie insette gelewer in die verslag nie, maar Dr. Botha van Aarde was deel van die beplanning daarvan.

Reeds by die eerste vergadering is daar besluit om afstand te doen van die term bejaardesorg en is die term verander na seniorvolwassebediening. Sien die verduideliking ook in die verslag.

Die taakspan se uitgangspunt was om gesprek oop te maak. Om saam te dink oor nuwe navorsing asook om riglyne vir die praktyk te help ontwikkel. Al die taakspan lede is op 'n daaglike basis betrokke by seniorvolwasse bediening en het ook uit die praktyk probeer praktiese riglyne gee. So leer ons ook bymekaar.

2. Wat is seniorvolwassenebediening?

In die tweede helfte van die vorige eeu het die leefwêreld en die ingesteldheid ten opsigte van natuurlike veroudering van die mens dramaties begin verander. 'n Bekende sosiale gerontoloog het in 1987 oor die begrip "suksesvolle veroudering" gesê dat die studie van veroudering getransformeer is *vanuit 'n studie wat fokus op siekte en agteruitgang, tot 'n dissipline wat fokus op gesondheid en groei in die later jare.* Naas die begrip wat dié gerontoloog voorstaan, naamlik "suksesvolle veroudering", het nuwe navorsing en verskillende tiperings van hierdie nuwe positiewe en vars ingesteldheid, die lig begin sien, soos: positiewe veroudering, gesonde veroudering, aktiewe veroudering, optimale veroudering. Meer resente literatuurstudies en navorsing verkies baie algemeen die gedagte van "betekenisvolle" veroudering (nav Victor Frankl se bekende boek). *Betekenisvolle* veroudering is meer omvattend en inklusief van al die aspekte van vernuwende taal oor veroudering. Betekenisvolheid kan nageleef word tot die einde. Ongelukkig word die benadering van veroudering as *probleem* dikwels, steeds eerder as *betekenisvolle en uitdagende reis tot die einde* omarm. Ons sien dit soms in moderne aftreeoorde waar die "ouetehuis-konsep" eerder toegepas word as die selfstandige en gemeenskapverbonde leefwyse so lank moontlik, met klem op uiteindelike gespesialiseerde terminale fase versorging.
Hierdie keuse sien ons ongelukkig ook nog dikwels in die kerk as geloofsgemeenskap se hantering van die groot toename in die getal van ouerwordende lidmate. Die groep word in baie kerke se beplanning steeds as problematies benader eerder as 'n uitdagende mobilisering van 'n vergrysende kerk met baie potensiaal tot lewe en uitbou van die Koninkryk.

Nuut gekyk na ons seniorvolwassenebediening

Die taakspan het in breë trekke saamgestem dat die geloofsgemeenskap kennis sal moet neem van die huidige denke oor en benadering tot ouerwordende persone in ons midde:

- Afgetredenes en ouerwordende mense behoort nie primêr objekte van bediening te wees nie (ouer word en aftrede is nie gelyk aan uitgedien en nutteloos nie). Die seniorvolwassenes in die geloofsgemeenskap moet gemobiliseer, toegerus, begelei en gemotiveer word om, totdat dit fisiek en kognitief onmoontlik word, steeds self te *dien en te bedien*.
- Afgetrede persone of persone in die later jare, is nie 'n homogene groep wat met een sambreelterm aangedui kan word soos: bejaardes, seniors of oumense nie. Amerikaanse gerontologie literatuur gebruik die term "senior adult ministry". Dit wil aandui dat die ouerwordende lidmate in 'n spesifieke fase in die van lewe (want almal word ouer) is soos kleuters, kinders, jeug, jong volwassenes, middeljare volwassenheid en onlosmaaklik deel is van die totale lewensverloop. Die term

seniorvolwassenheid is dus heel toepaslik wanneer na die vergrysende groep in die geloofsgemeenskap verwys word.

- Omdat die seniorvolwassenes nie ’n homogene groep nie, ervaar ons by jonger lede van dié groep ’n duidelike weerstand teen aktiwiteite vir “bejaardes” of “seniors”. Tegelyk is dit belangrik dat die lewensgroep *voor-aftrede (minstens 10 jaar voor aftrede) reeds by die fokusgroep ingesluit behoort te word met die oog op holistiese voorbereiding vir aftrede.* Die seniorvolwassenegroep moet dus benoem word en programaanbieding moet in terme van hulle funksionele ouderdom (nie kronologiese ouderdom nie) maar in terme van hulle *funksionele status* aangebied word bv.:
    - Voor-aftrede groep (normaalweg 10 jaar voor aftrede – maar hulle besluit self wanneer hulle in daardie groep val)
    - Afgetree maar steeds psigososiaal en ekonomies besig
    - Gevestig afgetree
    - Huis- en bedgebondenes

Hierdie onderskeiding is nie rigied nie, aangesien programme dikwels ook ander groepe kan insluit.

- Die geloofsgemeenskap moet deurlopend waak teen *ouderdomistiese* optrede teenoor die seniorvolwassene (bv. stereotipering en spreektaal soos “oumensies”). Vars denke oor ons benadering tot seniorvolwassenebediening moet ook tot ’n nuwe “taal lei”, bv.:
    - Seniorvolwassene eerder as bejaarde, oumense, seniors
    - Ouerwordende persone en dalk in die besonder later jare seniorvolwassenes (afhangend van die teikengroep) eerder as oumense
    - Die begrip seniorvolwassene*BEDIENING* moet in ons benadering nooit primêr beskou word as ’n diens AAN nie, maar is ook die bediening wat die ouerwordende persoon inskakel en bewus maak van die mate waartoe hulle nog steeds DIENS kan LEWER aan die geloofsgenote en die missionale veld rondom ons – dus *diens saam en deur.*

- Die hele mens word ouer – fisiek, psigo-sosiaal en religieus. Die volle omvang van ouerword behoort in ons seniorvolwassenebediening aandag te kry.
    - Laat val die klem op die bewese waarde van die betrokkenheid by en deelwees van ’n geloofsgemeenskap in die hantering van die tipiese verouderingsuitdagings in die ouerwordproses (navorsing bewys dit).
- Die pastor behoort *ondermeer* kennis te neem van die volgende:
    - Die pastoraat by die ouerwordende persoon tov bv. rousmart, verlies, emosionele bagasie uit die verlede kan baie gekompliseerd wees en bring die groei na *betekenisvolle* ouerword in gedrang.
    - Vaardighede by ouerwordende persone te identifiseer en hulle betrek by die breë bediening van die gemeente.
    - Veral op die terrein van demensie en in die besonder Alzheimer-demensie, moet aandag gegee word aan die versorger *(veral wanneer dit ’n huweliksmaat is).*
    - *Die taakspan wil ernstig versoek dat meer VBO opleiding en eie studie deur die pastor moontlik gemaak word.*

Definisie van *omvattende seniorvolwassenebediening*
Die taakspan kon hulleself vereenselwig met die onderstaande definiëring van ’n omvattende seniorvolwassenebediening:

> *’n Omvattende Seniorvolwassenebediening* het ten doel om vanuit die *plaaslike kerk* se *pastoraat* en in *missionale verband,* die ouerwordende persoon *deelnemend, holisties* en *motiverend so te begelei en toe te rus, dat mense hulle tipiese ouderdomsverwante lewensuitdagings so sal bestuur,* dat hulle *lewenslank, betekenisvol* kan *bly lééf*

3. Psigososiale aspekte van seniorvolwassenheid

Inleiding

Die menswetenskappe, veral sielkunde en maatskaplike werk, lê toenemend klem op ’n groeigerigte soeke na betekenisvolheid in seniorvolwassenheid. Hierdie vakgebiede beklemtoon ook ’n holistiese benadering,

waar seniorvolwassenes vanuit ’n multiprofesionele oogpunt (wat onder andere, maar nie net nie, ’n godsdienstige, mediese en sielkundig-maatskaplike perspektief insluit) verstaan moet word. Dit bied derhalwe sinvolle riglyne vir ’n holistiese bedieningsmodel vir seniorvolwassenheid.

Die rol van betekenisvolheid in seniorvolwassenheid

Die gerontologie het wegbeweeg van ’n negatiewe, stagnerende beskouing van ouerword, na ’n positiewe, groeigerigte perspektief.
Die Soeke na Betekenisvolheid, gebore uit Victor Frankl se denke, is ’n kernelement hierin. Enkele aspekte uit dié navorsing wat toepaslik is vir ’n Seniorvolwassenebediening word hier uitgelig:

- Betekenisvolle aspekte uit die verlede word (her)ontdek.
- Dit word reflekterend (in die eie denke, maar ook in gesprek met ander), in die hede deel van ’n mens se leefwyse gemaak.
- Dit het ook ’n toekomsgerigtheid.

Frankl sê, aansluitend by bogenoemde, dat die ‘soeke na betekenis’ dikwels uitdagend sal wees. Hy beskryf die dinamika van dié proses met ’n “push-pull” interaksie. Die uitdagings ‘stoot’ jou vorentoe, die verwagte doelwitte, in die toekoms, waarna jy streef, ‘trek’ jou ook vorentoe. In dié spanningsveld vind groei plaas. Kreatiwiteit, dienslewering aan ander, die omkeer van negatiewe situasies in positiewes, en die benutting van Geloof as impetus om deur uitdagende omstandighede te kom, is voorbeelde hiervan.
’n Seniorvolwasse ‘Lewe-in- Betekenisvolheid’ het ook lewensverreikende uitkomste:

- Mens se waardesisteem word opnuut in oënskou geneem, en uitgebou.
- Jou selfwaarde en waarde-vir-ander groei.
- ’n Dieper verstaan van jou plek in die groter geheel van alles kom tot stand.
- ’n Toename in oorhoofse gesondheid vind plaas.
- ’n Emosionele reserwe word opgebou, wat jou toelaat om Eksistensiële waardes, insluitend gemeenskapswerk, die bewaring van die natuur en ’n verdieping in jou verhouding met God, uit te leef.

Sielkundig-psigiatriese knelpunte

Ten spyte van ’n positiewe lewensbenadering, hou seniorvolwassenheid steeds sielkundig-psigiatriese uitdagings in. Al sou mens nie té lukraak vergelykings met Suid-Afrikaanse omstandighede kan maak nie, behoort daar tog kennis geneem te word van onlangse navorsing hieroor in die Amerikas:

- Minstens 1 uit 4 seniorvolwassenes ervaar ’n geestesteuring, veral depressie, angs of demensie, met depressie as die mees algemene een.

- Selfdood (in die Amerikas) is hoër onder mense ouer as 85 as in enige ander ouderdomsgroep.

- Twee derdes van die mense wat geestesteurings het, ontvang nie voldoende sielkundig-psigiatriese behandeling nie.

Die uitdagings wat **demensie**, veral **Alzheimer se demensie** in seniorvolwassenheid, ontvang volledige aandag in die hoofstuk oor die **sterwensproses**, **die dood** en **rou**.

Die holistiese aard van ’n seniorvolwasse bedieningspatroon, asook dié van groei-in-betekenisvolheid behoort deel te wees van pastors, kleingroepe en individue wat in seniorvolwassenheid werk, se voortgesette toerusting. Dit is ook belangrik om sensitief te wees vir genoemde knelpunte, en, wanneer nodig, seniorvolwassenes betyds vir gespesialiseerde hulp te verwys

Verwysingsbronne

1. Bushkin, H., van Niekerk, R. en Stroud, L. 2021. Searching for Meaning in Chaos: Victor Frankl’s Story. *Europe’s Journal of Psychology.* 17 (3).
2. Dewitte, L. & Dezutter, J. 2021. Meaning Reflectivity in Later Life: The Relationship Between Reflecting on Meaning in Life, Presence- and Search for Meaning; and Depressive Symptoms in Older Adults Over the Age of 75. *Frontline Psychology*. 12

3. Frankl, V. 1959. Man's Search for Meaning. *Boston, MA, USA: Beacon Press.*
4. Frankl, V. 1986. The Doctor and the Soul: From Psychotherapy to Logotherapy. *Random House Digital, Inc.* ISBN 978-0-394-74317-2.
5. Isene, T., Haug. S.H.K., Stifoss-Hanssen, H., Danbolt, L.J. and Thygesen, H. 2021. Meaning in Life for Patients with Severe Dementia. A Qualitative Study of Healthcare Professionals' Interpretations. *Frontline Psychology.* 12.
6. Moolman, P.L. 2019. Meaningful Ageing. *Pretoria:* Groep 7 Drukkers en Uitgewers.
7. Moolman, P.L. 2022. ***Lééf!,*** 'n Vars kyk op Seniorvolwassenebediening in die Geloofsgemeenskap. *Pretoria:* Groep 7 Drukkers en Uitgewers.
8. Pachana, N.A. & Baumeister, R.F. 2021. Better Late Than Never: Meaning in Later Life. *Frontline Psychology.* 12.
9. Pan American Health Organization (PAHO).2022. Seniors and Mental Health. *120th Aniversary Edition.*
10. Rykkje, L.L., Eriksson, K. and Raholm, M.B. 2013. Spirituality and caring in old age and the significance of religion – a hermeneutical study from Norway. *Scandinavian Journal of Caring Science.* 22: 275-284.
11. Spännäri, J. & Laceulle, H. 2021. Meaning Making in a Retirement Migrant Community: Religion, Spirituality and Social Practices of Daily Lives. *Frontline Psychology*. 12.

4. Oudword, geloof en geloofsgemeenskap

Ouerword word deur baie as 'n krisis beleef wat groot spanning veroorsaak. Dit herinner ons dat die lewe kort is en verbygaan. Dit laat mens ook dink aan dinge wat jy nog nie bereik het in jou lewe nie. Tog weet mens vandag dat mense langer lewe as 'n klompie dekades gelede en dit vra dat mens anders sal dink oor oudword en hoe mens dit benader. Vir te lank het geloofsgemeenskappe gefokus op die voorbereiding vir sterwe eerder as begeleiding tot omvattende, betekenisvolle, hoopvolle lewe tot die einde van die lewe.
Die benadering van die kerk tot die groeiende aantal ouerwordende lidmate, sou meestal tipeer kon word as 'n probleem-ingesteldheid eerder as 'n geleentheid tot lewensvervulling van 'n groeiende segment van 'n geloofsgemeenskap. Die vraag moet nie wees hoe ons hulle kan bedien nie, maar eerder hoe ons hulle kan toerus om te dien. Dit sal natuurlik help met hulle geloofslewe ook om te weet hulle geloof speel nog 'n sterk rol om te vertrou op God en dat Hy hulle sal gebruik met die gawes wat hulle het.
In die Nuwe Testament lees ons op 'n paar plekke dat die Christelike lewe as 'n wedloop beskryf word. In Hebreërs 12:1-2 staan daar: *"Laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus".*
Paulus gebruik dieselfde beeld as hy met die ongedissiplineerde Korintiërs redeneer (1 Korintiërs 9:24 – 27). As Paulus die beeld gebruik kombineer hy vier begrippe:

- Duidelike oriëntering ten opsigte van 'n doel – jy hardloop om die wedloop te voltooi.
- Doelgerigte beplanning – jy dink hoe jy moet hardloop, die pas wat jy moet volhou en die vinnige eindpoging.
- Konsentrasie – alles is ondergeskik aan oefening en dan hardloop jy met die oog daarop om die wedloop te wen.
- 'n Groot poging – jy hardloop so vinnig as wat jy kan, jy gee alles.

Dit is hoe Paulus die lewe van 'n getroue Christen sien.
Volharding is ook vir Paulus belangrik. Hy skryf in Kolossense 2:6-7 (OAV) skryf hy: "*Aangesien julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof*". Niks moet ons aandag aftrek nie. Die beeld van 'n wedloop staan sentraal in Paulus se verstaan van sy eie lewe. Dit moet ook die sentrale fokus in die denke en hart van seniorvolwasse Christene wees. Die feit dat mens se fisiese liggame stadiger funksioneer, beteken nie dat mens geestelik ook stadiger moet funksioneer nie. Wat sal ons aan die gang hou?
Ywer is eintlik nie meer 'n woord wat vandag nog algemeen gebruik word nie. Nehemia 3 – 6 vertel vir ons dat ten spyte van teenstand wat daar was, is die mure van Jerusalem binne 52 dae herbou. Dit is ywer in aksie. Ywer beteken prioriteit, passie en inspanning vir God se saak. Dit is 'n brandende begeerte om God tevrede te stel, om sy wil te doen en om Hom hier op aarde te verheerlik. Natuurlik mag ons geheue en ons vermoë om te konsentreer agteruitgaan; ons energievlakke sal daal, maar ons kan steeds ons dae met ywer leef. Ywer moet met hoop gevoed word.
Om af te sluit, is dit belangrik om te noem dat geloofsgemeenskappe 'n enorme rol het om te vervul as dit kom by geloofsgroei. Hulle behoort ingestel te wees op die behoeftes van die ouerwordende gemeenskap

en die tegnologie gebruik wat hulle tot hulle beskikking het. In wetenskaplike kringe word dit aanvaar dat byeenkomste van geloofsgemeenskappe 'n groot terapeutiese waarde vir die ouerwordende persoon inhou. Daarom is geleenthede soos Bybelstudies, gespreksgroepe, eredienste ens. baie belangrik. Deur daarvan te onttrek beteken dat mense hulleself dikwels geestelik en emosioneel verarm in die proses.

Verwysingsbronne

1. Ons word oud – God se pad vir ouer gelowiges. www.bybelkennis.co.za
2. Moolman, P., 2022. *"Leef – 'n Vars kyk op Seniorvolwassebediening in die Geloofsgemeenskap"*. Pretoria: Groep 7 Drukkers.

5. Seniorvolwassenheid en eensaamheid

Wat is eensaamheid?

Oor die algemeen kan eensaamheid beskryf word as 'n toestand van alleenheid of alleenwees. Eensaamheid gaan egter nie noodwendig net oor alleen-wees nie, maar het ook te doen met die persepsie van 'n indiwidu dat hy of sy alleen is en geïsoleerd is van mense en dinge wat die meeste saak maak. Eensaamheid het daarom ook te doen met 'n denkwyse en gemoedstoestand. Eensaamheid, of die persepsie van eensaamheid, lei dan tot negatiewe en onaangename gevoelens en denke, byvoorbeeld gevoelens van nutteloosheid en geïsoleerdheid. Hoewel eensaamheid tydens al die ontwikkelingsfases van die mens se lewe voorkom, is dit tóg so dat gevoelens van eensaamheid meer by tieners voorkom (in die proses van selfontdekking) en by mense in die seniorvolwasse fase van hulle lewens. Verder is dit ook belangrik om daarop te let dat mense dikwels eensaam voel, ten spyte daarvan dat hulle deur baie mense omring word.

Verskillende vorme of gestaltes van eensaamheid en faktore wat dit veroorsaak:

Eensaamheid kan verskillende vorme of gestaltes aanneem. Tydens die **Covid-19-pandemie**, het baie mense intense eensaamheid beleef, deurdat kontak met kinders, kleinkinders, ander familie en vriende verbreek is. Baie Seniorvolwassenes vandag beleef **"emigrasie-eensaamheid"** as gevolg van kinders, kleinkinders en agterkleinkinders wat na die buiteland geëmigreer het. Sommige bejaardes beleef **"fantasie eensaamheid."** Dit hou verband met die verlies van status na aftrede en die feit dat iemand in sy / haar kop steeds voel soos 'n dokter, dominee, ambagsman ens. – terwyl die harde werklikhede hulle dikwels op harde maniere herinner dat hulle dit nie meer is nie. Verder is daar ook **gestremdheid eensaamheid** wat verband hou met onttrekking uit die samelewing vanweë verlies aan sintuie of liggaamsvermoëns en -funksies.

'n Ander soort van eensaamheid hou verband met 'n seniorvolwassene se **verlies van 'n netwerk van vriende en metgeselle (sosiale vereensaming)**. Vriende sterf af en dikwels beteken dit ook dat die seniorvolwassene se ondersteuningsnetwerk verswak of selfs later nie meer daar is nie.

Daar is ook **eensaamheid in seksualiteit.** Wanneer 'n lewensmaat afsterwe, raak seniorvolwassenes dikwels geïsoleerd wat seksualiteit aanbetref, aangesien baie van hulle nie kans sien om weer verhoudings aan te knoop en te trou nie.

Seniorvolwassenes vereensaam ook dikwels as gevolg van die **afname in fisiese vermoëns en kragte (verswakking).** Die publieke opin**ie** van seniorvolwassene dra ook soms by tot vereensaming, aangesien die publieke opinie baie maklik seniorvolwassenes op 'n negatiewe wyse etiketteer as "mense wat nie regtig meer iets [het] groots en waardevols tot die samelewing kan bydra nie."

Soms vereensaam seniorvolwassenes ook maklik wanneer hulle by 'n nuwe oord of tehuis intrek, omdat die huidige inwoners alreeds hulle netwerke gevorm het en baie moeilik **"inkommers"** in hulle kringe toelaat. Iets wat nou daarmee verband hou, is dat seniorvolwassenes ook eensaamheid beleef as gevolg van 'n **verandering in leefomgewing.** Hulle moet dikwels 'n buurt van baie kennisse verruil vir 'n nuwe leefomgewing waar hulle niemand ken nie.

Sommige mense vereensaam ook omdat hulle **aftree en** hulle **losmaak** van allerhande pligte en verantwoordelikhede. 'n Skokkende ding, is dat sommige mense vereensaam, omdat hulle **oorbodig voel** en voel dat hulle nie vir ander mense 'n las wil wees nie. Daarom sukkel hulle maar eerder in die stilligheid as om iemand anders om hulp te nader.

Verder is daar ook **familie-eensaamheid.** Dit hou verband daarmee dat die lewe soveel vereistes aan jonger mense stel, dat kinders en kleinkinders dikwels die ouerwordende persone afskeep – selfs nooit daar kom nie.
Daar is ook eensaamheid wat verband hou met **vinnige ontwikkeling van nuwe tegnologie.** Vir seniorvolwassene wat sukkel om by te bly met nuwe tegnologiese ontwikkelinge, bemoeilik dit soms hulle kontak met betekenisvolle persone in hulle lewe. Verder is die **gebrek aan vervoer** en **moelik-beweeglikheid** ook faktore wat vereensaming van seniorvolwassenes in die hand werk.

Wat gemeentes kan doen om seniorvolwassene -vereensaming aan te spreek:

i. Deur eredienste aanlyn te stroom, kan huisgebonde lidmate gehelp word om steeds 'n gevoel van verbintenis met die gemeente te hê. Aanlyn stroom van begrafnis-eredienste kan ook vir seniorvolwasse gemeentelede en familielede van 'n oorledene van groot waarde wees.
ii. Tegnologie kan ook ingespan word om seniorvolwasse lidmate by gemeentelike aktiwiteite te betrek, byvoorbeeld Zoom-Bybelstudiegroepe.
iii. Tegnologie kan ook ingespan word om kontak met familie en vriende in die buiteland te behou.
iv. Met die oog op bogenoemde drie punte, kan gemeentes kyk na vrywilligers wat seniorvolwassenes touwys maak met die gebruik van nuwer tegnologie.
v. Eensame seniorvolwassenes beleef dikwels aande en naweke as die ergste. Gemeentes kan lidmate aanmoedig om seniorvolwasse lidmate oor te nooi vir ete of vir 'n braai, spesifiek ook oor naweke. Daar kan ook vervoer en bystand gereël word daarvoor.
vi. Gemeentes kan belangegroepe op die been bring waar seniorvolwasse lidmate op gereelde basis saam kuier en mekaar ondersteun (byvoorbeeld seniorvolwassenes wat 'n lewensmaat of kind aan die dood verloor het, of selfs mense wat saam brug speel of soortgelyke aktiwiteite saam beoefen).
vii. Gemeentes kan dit oorweeg om 'n kursus vir seniorvolwassenes aan te bied wat hulle help om net weer hulle sosiale vaardighede op te skerp.
viii. Gemeentes kan ook vrywilligers werf en oplei wat huisgebonde seniorvolwassenes op 'n gestruktureerde wyse gereeld besoek en by hulle kuier.
ix. Gemeentes kan oorweeg om vrywilligers te werf wat seniorvolwassenes met vervoerprobleme oplaai en ondersteun om inkopies en sake te doen.
x. Eensaamheid kan ook aangespreek word deur vir seniorvolwassenes nuwe vaardighede aan te leer (dinge wat hulle nog nooit kon doen nie.)
xi. Gemeentes kan ook 'n sisteem oorweeg waar jonger lidmate (selfs jeug en kinders) 'n seniorvolwasse persoon of huwelikspaar "aanneem". Hulle bid vir daardie persone, besoek hulle gereeld en bied ondersteuning soos nodig.
xii. Verder is dit ook goed om te poog om 'n bediening op die been te bring van bediening **aan seniorvolwassenes deur seniorvolwassenes** (jonger en meer onafhanklike ouerwordenes bied versorging en ondersteuning aan ouer en verswakte seniorvolwassenes). In die proses verhoed 'n mens ook dat hulle voel dat hulle vir almal 'n las is.
xiii. Gemeentes kan ook baie doen om persone wat in tehuise en versorgingsoorde in die gemeentegrense bly aan te moedig om op die uitkyk te wees vir mense wat nuut inkom en moeite te doen om uit te reik na hulle, hulle welkom en spesiaal te laat voel en hulle help om gouer vriende te maak.

6. Drie-geslag gesinne

Definiëring/omskrywing

Drie-geslag gesinne is waar ’n familie van ten minste drie geslagte in dieselfde struktuur of op dieselfde erf woon. Dit bestaan uit ten minste grootouer(s), ouer(s) en kleinkinders.
Dit kan wees dat ’n ouer of beide ouers by kinders en kleinkinders intrek, of dat kinders, met hulle gesinne, steeds of weens omstandighede by die eerste geslag woon.
Hierdie gesinne kan op verskillende maniere saamgestel wees:

- Biologiese ouer(s) (eerste geslag), plus tweede en derde geslag.
- Saamgestelde familie, waar die biologiese ouer(s) of kinder(s) nie meer almal betrokke is nie.

Redes vir drie-geslag gesinne

Hegte families wat verkies om so te leef, sonder probleme.

- **Finansiële redes**.

  Ouers (eerste geslag), se fondse is weggekalf en nie meer voldoende om onafhanklik te funksioneer nie.
  Kinders, (tweede geslag), word weens finansiële krisisse verplig om terug te trek na hulle ouers.

- **Gesondheidsredes**
  Die eerste geslag kan nie meer op hulle eie bly nie en kan dit nie bekostig om na ’n plek van versorging te gaan nie.
  Dit kan ook waar wees ten opsigte van die tweede en/of derde geslag.

Praktiese werking

Die reëling kan heel normaal en gesond wees, sonder buitengewone spanning. Dit sou ook die ideaal wees.
Dit kan ook gespanne wees en net verdra word weens onvermydelike omstandighede. Dit kan lei tot konflik, inmenging en ongesonde verhoudinge.

Uitdagings vir die kerk/gemeente

- Identifisering van sulke families wat in ’n gesonde struktuur saamleef.
- Gesprekvoering om te leer van wat werk en hoekom dit werk. Dit kan lei tot die saamstel van breë riglyne (nie voorskrifte) vir ’n gemeente-/gemeenskapsplan.
- Motivering van gesinne waar dit nie goed gaan nie om deel te word van die gesprek.
- Hulp aan predikante om in pastorale bediening aandag te kan gee.
- Gebruikmaak van netwerke om die verskillende families bymekaar te kry om mekaar by te staan, prakties te help en by mekaar te leer.

Verwysingsbronne

1. Leef!. Moolman, P. *Leef* – ’n Vars kyk op Seniorvolwassebediening in die Geloofsgemeenskap”. 2022. Pretoria: Groep 7 Drukkers.

2. Gesprekke met individue

7. Ondersteuning

Inleiding

Namate mense ouer word, is daar demografies toenemend meer ouerwordende persone in die NG kerkgemeenskap teenwoordig. Verskeie dissiplines is by ondersteuningsdienste betrokke, soos die pastoraat, gesondheid, maatskaplike werk, sielkunde en gerontologie.

Benadering tot ’n ondersteuningsdiens

Die volgende benadering word gevolg:

- Ondersteuning is omvattend en neem die totale lewensbestaan van ouerwordende persone in ag.
- Dit maak gebruik van bestaande aksies in die gemeente se omgewing.
- Die fokus is nie daarop om die ouerwordende persoon te bedien nie, maar om hom of haar toe te rus en te motiveer om self aan die ondersteuningsaksies deel te neem.
- Ondersteuning wissel van algemene ondersteuningsdienste tot pastoraal-terapeutiese ondersteuning.

Ondersteuning in praktyk

Die volgende riglyne kan help om ’n ondersteuningsdiens te vestig:

- **Leierskap in ondersteuningsdiens**

Die leier moet in staat wees om die gemeente en aksiekomitee te lei om ’n betekenisvolle ondersteuningsdiens in die gemeente te vestig en te bestuur.

- **Aksiekomitee /taakspan**

Die aksiekomitee doen die volgende:

- ’n Behoeftebepaling onderneem oor die behoeftes van die ouerwordende persone in die gemeente.
- Bepaal watter bronne en kundigheid in die gemeente en omgewing beskikbaar is.

Die rol van die pastor

Die pastor vorm ’n integrale deel van die span. Die leraar en kerkraad identifiseer lidmate wat hulp nodig het en dienste wat benut kan word. Die kliniese pastoraat het spesifieke areas waaraan gespesialiseerde aandag gegee behoort te word.

Ondersteuningsdienste

Ondersteuning is ’n sambreelterm wat die spektrum van dienste omvat. Hierdie dienste sluit in **algemene en terapeutiese ondersteuning**.

- **Algemene ondersteuning:** Algemene ondersteuning kan deur seniorvolwassenes self en ander vrywillige werkers gebied word. Die volgende is voorbeelde van algemene ondersteuning:

- **Inligtingsgroepe:** Die groepe dek die totale spektrum van menswees: *fisiek, psigososiaal en* religieuse. Voorbeelde van groepe is: verouderingsverwante siektetoestande; verouderingsbesluite; en geloofsaspekte soos rousmart.
- **Ondersteuningsgroepe:** klein groepe soos selgroepe en bybelstudiegroepe
- **Diensgroepe soos:** Uitreik groep na huis- en bedgebonde persone; vir hospitaal en tuisbesoeke;
- **Belangegroepe soos:** Bybelstudie; boekklub; leesgroepe; inkleurterapie; trimgim en kaartspel.
- **Stap:** Die sosiale interaksie van saamstap, al is dit hoe kort, het groot voordele.

- **Terapeutiese en gespesialiseerde ondersteuning**

- **Pastoraal-terapeutiese ondersteuningsgroepe**, soos demensieversorging en rousmart.
- **Oefengroep met biokinetikus/fisio/refleksioloog,** soos gimgroepe.

Verwysingsbronne en leeswerk

1. Petrus Moolman. 2022. Leef! ’n Vars kyk op Seniorvolwassebediening in die Geloofsgemeenskap: Pretoria: Groep 7 Drukkers en Uitgewers.
2. Inligtingstuk, Huis Herfsblaar, Queenswood, Pretoria.
3. Onderhoud met James Black, bestuurder, en Ina Delport, senior maatskaplike werker, Huis Herfsblaar, Queenswood, Pretoria.
4. Dr Shane o' Mara se boek "Science of Walking".
5. Youtube onderhoud met dr Shane o' Mara deur Mel Robbins.
6. Youtube- Mel Robbins, Science of Walking.

8. Finansiële uitdagings wat seniorvolwasse lidmate ervaar

INLEIDING

Uit ons pastorale sorg aan seniorvolwasse lidmate in ons gemeentes, het ons die volgende finansiële uitdagings geïdentifiseer:

- In ons omgewing is daar ’n tekort aan bekostigbare behuising vir ons seniorvolwasse lidmate, veral diegene wat slegs SASSA toelae ontvang.

- Stygings in ouetehuise en versorgingseenhede plaas finansiële druk op ons seniorvolwasse lidmate en/of hulle families.
- Heelwat van ons seniorvolwasse lidmate ervaar dat hulle pensioengelde nie meer genoeg is om hulle maandeliks te onderhou nie. Hulle weet ook nie hoe om hulle inkomste aan te vul nie. Heelwat van ons seniorvolwasse lidmate het ook nie enige spaargelde of beleggings nie.
- Baie van ons seniorvolwasse lidmate ontvang min tot geen hulp van familie/kinders/organisasies en in sommige gevalle moet hulle vir meer as een persoon sorg met hulle pensioen.
- Ons seniorvolwasse lidmate sien hulle gesondheidsprobleme en styging in lewenskostes as twee van die grootste redes waarom hulle pensioengelde nie genoeg is nie.
- Omstandighede het so verander dat baie van ons seniorvolwasse lidmate hulle mediese fondse nie meer kan bekostig nie.
- Heelwat van ons seniorvolwasse lidmate het ook vervoer probleme na staatshospitale/ klinieke.

HOE GEMEENTES 'N BYDRAE KAN LEWER

Syfers wys dat net sowat 6% van Suid-Afrikaners eendag gemaklik sal kan aftree. Die internasionale batebestuurder Allianz Groep het in die jongste "Global Pension Report" bevind Suid-Afrika het van die armste pensioentrekkers. Dit lei tot groeiende kommer vir nie net afgetredenes nie, maar ook aktiewe werkers. Daarom is dit belangrik dat mense weet watter opsies tot hulle beskikking is wanneer dit kom by aftrede. Bogenoemde persentasie wys vir ons dat die oorgrote meerderheid by hulle kinders of ander familielede gaan eindig. Met inflasie en rentekoerse wat styg raak dit al hoe moeiliker om te beplan vir 'n mens se aftrede. Daarom kan jou aftrede 'n vreugde of 'n ramp wees. Die grootste struikelblokke is dat baie mense nie die nodige kennis het oor hoe hulle, hulle finansies moet bestuur om sodoende te spaar vir hulle ou dag. Dawie Roodt, ekonoom van Efficient Group, meen talle finansiële aftreerampe voorkom kan word as jy reeds van jou eerste werksdag af vir jou aftrede begin spaar.

Gemeentes kan 'n geweldige rol speel om proaktief op te tree deur geleenthede te skep waar mense finansiële advies kan ontvang wat hulle kan help. Hierdie geleenthede kan deur kundiges in die gemeente/gemeenskap aangebied word. Gemeentes beleef oral dat behuising vir persone wat aftree al hoe meer onbekostigbaar word. Tog as gemeentes begin om proaktief op te tree kan dit op die lang duur 'n groot verskil maak.

Die sessie kan mense ook help om te dink oor dinge soos:

1. Beplan vroegtydig vir behuising – so baie mense beplan nie vir behuising as hulle ouer word nie. Hoe ouer mens word hoe moeiliker is dit om sulke besluite te neem.
2. Weeg die voordele en nadele van aftree-oorde en 'n gewone huis op – Baie mense onderskat die onderhoudskoste van 'n groot huis. Aftree-oorde is nie noodwendig goedkoop nie, maar daar is heelwat voordele.
3. Moenie jou kinders voor jou aftreeplan plaas nie – Baie ouers verhuis om naby hul kinders te wees en dan besluit die kinders om die land te verlaat en dan bly jy agter op 'n vreemde dorp sonder vriende of familie. Baie ouers voel dat hulle iets vir die kinders moet agter los om te erf eendag, of dat hulle van hulle spaargeld vir die kinders leen en dit veroorsaak dan dat jy nie gemaklik kan aftree nie.
4. Reken moontlike gesondheidsprobleme in en tref voorsorg – Mense onderskat die omvang van gesondheidsprobleme. Ons leef langer, maar teen 'n prys. Maak seker die aftree-oord het 'n versorgingseenheid of tuisversorging. Kyk na mediesefonds opsies en die kostes daaraan verbonde.
5. Bly binne jou begroting, maar koop kwaliteit – Dit is verstandig om binne jou begroting te koop, maar probeer kwaliteit koop. Doen 'n bietjie navorsing voor jy koop.
6. Aftrede moet nie as 'n berg gesien word nie – Aftrede is die begin van 'n nuwe hoofstuk, nie die einde van die boek nie.
7. Gebruik jou kennis wat jy op gedoen het – Baie dink na aftrede moet hulle op die stoep gaan sit en niks doen nie, tog is daar soveel wat aftree wat voel hulle sien nog kans om te werk en dit is 'n goeie tyd om dan mens se kennis wat mens oor die jare opgebou het in te span om sodoende nog 'n inkomste te verdien.

Finansiële adviseurs kan mense help- met die opsies wat beskikbaar is ten einde spaargeld vir aftrede te prioritiseer. Hulle kan dit regkry om mense in te lig maar ook by te staan met finansiële keuse. Dit gaan definitief 'n impak hê oor hoe mense dink oor aftrede en hoe hulle beplan daarvoor.

BEKOSTIGBARE VERBLYF VIR SENIORVOLWASSE LIDMATE

Bekostigbare verblyf vir seniorvolwasse persone is 'n baie ernstige probleem, nie eers 'n uitdaging nie! Op baie plekke word Aftree-oorde en Leefstylsentrums gebou, waar die verblyf slegs deur mense met 'n bo-

gemiddelde en hoë inkomste, betaal kan word. Volgens Ronel Fourie, 'n maatskaplike werker wat meer as 18 jaar die bestuurder van Silwerkroon Dienssentrum was, sukkel persone wat slegs 'n staatspensioen kry, baie om ordentlike blyplek te kry. Sy gaan verder en meen dat 'n persoon ten minste R12 000 per maand behoort te kry, om redelike ordentlike verblyf te kan bekostig. Daar is seniorvolwasse persone wat in tuinwoonstelle en selfs by kinders of familie in 'n kamer, bly. Indien hul gesondheid egter verswak, is dit baie moeilik om goeie, bekostigbare versorging te kry. Daar is verskeie private persone wat huise inrig vir ouer persone wat versorging nodig het, maar die kwaliteit van die versorging is nie altyd op standaard nie. Selfs plekke wat by die
Departement van Sosiale ontwikkeling geregistreer is, se versorging is nie noodwendig van goeie gehalte nie.

Naam	**Selnommer**	**Epos adres**
Blymoedig Kliniek	081 490 2725	info@blymoedig.co.za
De Meerpaal	012 807 5217/8	kantoor@demeerpaal.co.za
Deutsches Alterheim	012 346 1222	Dap.info@telkomsa.net
Die Herberg	012 325 3920	Dieherberg.manager@savf.co.za
Ebenhaeser Tuiste vir Bejaardes	012 333 6040	info@ebenhaeser.com
Eden Care Centre	012 332 0599	management@edencarecentres.co.za
Ons Tuis Emily Hobhouse	012 323 4891/2	ehbestuur@otmt.org
Glenhaven	012 348 8858	mainreception@glenhavencare.org.za
Ha[r]moniehof	076 967 4445	admin@harmoniepark.co.za
Harmonie Oord	012 341 4816	admin@harmoniepark.co.za
Holy Cross Home	012 379 6061/2	hch@telkomsa.net
Huis Vergenoeg	012 332 1763/4	dienste@huisvergenoeg.co.za
Die Blommefonds	012 343 2650	admin@flowerfound.co.za
Huis Silwersig	012 804 8064	Silversig.manager@savf.co.za
Susan Strijdom Huis	012 430 5508	Susanstrijdom.manager@savf.co.za
Margaretha Ackerman Tehuis	012 327 4358	Mackerman.manager@savf.co.za
Johanna Raath selfsorg woonstelle	012 344 1815	Johannaraath.fin@savf.co.za
Villa Rose selfsorg woonstelle	079 494 4564	pieter@kaliberproperties.co.za
Ruimte Behuising	012 546 6653	Ruimte.swe@savf.co.za
Margaretha Ackerman Herberg	012 327 4358	Mackerman.manager@savf.co.za
Raemor Mansions	012 325 3920	Head.marketing@savf.co.za

Hieronder is 'n lys van redelik bekostigbare plekke in Pretoria, hoewel daar nie eerstehandse kennis van die kwaliteit van die versorging by al die instansies is nie.

Verwysingsbronne

1. Aftrede – vreugde of ramp? | Vrouekeur
2. 'Toebroodjie-generasie' moet aftrede prioritiseer | Maroela Media
3. Huis, paleis, aftree-oord… 8 dinge wat jy moet weet | rooi rose
4. Aftree op 60 nie meer 'n opsie | Netwerk24

9. Begeleiding tydens die sterwensproses, die dood en die rouproses

Inleiding

Hoewel die rouproses pynlik en ontwrigtend is, is dit 'n natuurlike en noodsaaklike proses waardeur gewerk moet word.
Hier word op die uniekheid van Seniorvolwassenes se rouproses gefokus.

Die rouproses

Elizabeth Kübler-Ross se denke oor die fases van rou vorm steeds die basis van sterwensbegeleiding en droefheidsbegeleiding, ook in seniorvolwassenheid.

1.1 Die eerste fases, **Ontkenning, Woede en Onderhandeling** is eintlik voorbereidende fases. Die sterwende en/of bedroefde is, vir 'n relatief kort tyd, in 'n waas van onwerklikheid. By Seniorvolwassenes sluit dit ook verwardheid en onsekerheid in. Dis 'n noodsaaklike voorbereidende proses: Dit vorm 'n buffer wat die psige beskerm, totdat die bedroefde in staat is om die ware impak van die verlies te begin deurwerk. Vir Seniorvolwassenes, veral met die verlies van 'n lewensmaat, is daar egter dikwels meegaande verliese: Jou lewensmaat is ook jou vriend, klankbord en getuie van jou lewe, dikwels oor 'n lang tydperk van jou lewe. Jou lewensmaat se inkomste het waarskynlik 'n groot impak op julle lewenskwaliteit gehad, jy sal dalk binnekort deur die trauma van verhuising moet gaan en vriende en sosiale strukture moet agterlaat. Die literatuur praat hier van gekompakteerde rou. Dit het 'n intens negatiewe impak, veral hier, tydens die voorbereidende roufases: Onvermydelike, intens indringende emosies, veral angs, (en gepaardgaande verlammende, magtelose hulpeloosheid) weerhou hierdie voorbereidende fases daarvan om die noodsaaklike buffer te vorm, wat die psige kans moet gee om eers voor te berei, voor daar begin kan word om deur die verlies te werk.

Die begeleiding tydens hierdie tydperk, met sy deurmekaar en vinnig afwisselende emosies, is primêr ondersteunend en meer op die agtergrond. Bied jou beskikbaarheid vir potensiële emosionele ondersteuning aan, maar verskaf aanvanklik eerder net praktiese hulp. Moenie beloftes van voortgesette ondersteuning maak wat jy nie kan deurvoer nie.

2.2 Die sogenaamde groeifases beskryf Kübler-Ross as **Depressie, Aanvaarding en Isolasie/Introspeksie**. Depressie is nie 'n kliniese depressie nie, dis eerder 'n diepe hartseer, wanneer die realiteit en onvermydelikheid van die verlies begin insink. Aanvaarding impliseer dat die tuimel treinrit van hartseer en pynlike verlange geleidelik begin afplat. Dié fase kan dan lei tot een van die kosbaarste dele van die sterwensproses/rouproses by gelowige Seniorvolwassenes: Die Isolasie waarvan Kübler-Ross praat is 'n Tydperk, met God, waar laaste dinge, in Sy Liefdevolle Teenwoordigheid, deurgewerk word.

Begeleiding tydens hierdie fases is meer aktief. 'n Vertrouensverhouding kom tot stand, en die pad word saam met die bedroefde gestap.

1.2 **Demensie**, veral Alzheimer se demensie, het sy eie uitdagings, in die begeleiding van die gediagnoseerde, maar veral ook dié van die primêre versorger, wat dikwels die lewensmaat is. Die ondersteunings- en versorgingsproses is só veeleisend, dat die verwagte deurwerkproses waarmee die geliefde besig moet wees, nie voldoende is nie, en dan moet dit eers na die geliefde se sterwe herhaal word.

Die rol van die pastor, kleingroep en indiwiduele begeleier is om, beklee met al die toerusting waarvan Kol 3: 12 praat, biddend, liefdevol, empaties hierdie uitdagende pad, saam met seniorvolwassenes te stap. Die Kerk, as geloofsgemeenskap, sal ook oor die opleidings- en supervisie- verantwoordelikheid van hierdie begeleidingswerk moet besin.

Verwysingsbronne

1. Grief and Bereavement: Vibrant Minds. 2023. *Mental Health Association of Maryland.*
2. Healthwise. 2021. Grief: Helping Older Adults With Grief. *Health Link British Columbia.*
3. Isene, T., Haug, S.H.K., Stifoss-Hanssen, H., Danbolt, L. J. and Thygesen, H. 2021. Meaning in Life for Patients with Severe Dementia. A Qualitative Study of Healthcare Professionals' Interpretations. *Frontline Psychology*. 12
4. Kübler-Ross, E. 1969. On Death & Dying. *Simon & Schuster/ Touchstone.*
5. Kübler-Ross. E. 1972. Questions and Answers on Death and Dying. *Simon and Schuster/ Touchstone.*
6. Kowalchuck, K. 2021. Older People Grieve Differently. *Center for Grief and Trauma Therapy.*

7. Meicshner, F., O'Connor, M., Skritskaya, N. and Shear, K.M. 2020. Grief Before and After Bereavement in The Elderly: An Approach to Care. *American Journal of Geriatric Psychiatry.* 28 (5): 560-569.
8. Melville, NY. 2022. The 9 Stages of Grief in Older Adults: A Guide for Friends and Family. *Wellqor.com*
9. Moolman, P.L. 2019. Meaningful Ageing. *Pretoria: The Author.*

10. Samevatting

Met die groeiende persentasie Seniorvolwasse lidmate word dit dringend noodsaaklik dat die kerk as geloofsgemeenskap besin oor 'n bedieningspatroon wat in pas is met die vernuwende denke, wêreldwyd, oor ouerwording.

Daar moet wegbeweeg word van 'n benadering waar seniorvolwassenes 'n objekte van bediening is na een van bediening langs, begeleidend, saam met seniorvolwassenes, en deur seniorvolwassenes.

Onlangse navorsing benadruk hoe waardevol 'n leefstyl wat gerig is op **groei** en die (her)ontdekking van **betekenisvolheid** tydens seniorvolwassenheid is. Die Kerk moet dit deurgaans bly kultiveer.

Hoewel dit in die Taakgroep se besinning baie duidelik geword het dat die klem op hierdie **positiewe**, **groeigerigte** bedieningspatroon met en deur seniorvolwassenes moet wees, bly dit noodsaaklik dat daar rekening gehou moet word met seniorvolwassenes se **unieke uitdagings**. Uit die bespreking hieroor word die volgende uitgelig:

1.2 **Geloof**: Veranderende lewensomstandighede, verliese, vereensaming, verarming en veroudering kan lei tot geloofskrisisse, wat geduldig en sensitief pastoraal hanteer moet word. Sodoende kan dit omgekeer word in 'n groei-ervaring en geloofsverdieping.
1.3 **Eensaamheid**: Vereensaamde, geïsoleerde seniorvolwassenes kan 'wegraak' uit die hoofstroom – bedieningspatroon, en nie die emosionele energie hê om uit te reik nie. Gemeentes moet sensitief wees daarvoor en dit probeer aanspreek
1.4 **Die uitdagings van 3-geslag gesinne**: Gesinne in gemeentes waar dit wel werk, moet geïdentifiseer word, en bemagtig word om uit te reik na gesinne waar dit problematies is.
1.5 **Ondersteuning**: Kundiges in die gemeente en omgewing moet ingespan word om saam met seniorvolwassenes aksieplanne te bedink om ondersteuningsdienste te bied. Hierdie ondersteuningsdienste moet die holistiese mens in gedagte hou.
1.6 **Finansiële uitdagings**: In ag genome die diversiteit binne én tussen gemeentes in die Sinodale gebied, ten opsigte van finansiële omstandighede, kan 'n interaktiewe werksprogram baie waardevol wees. Kundige gemeentelede, ook uit die seniorvolwassekorps kan waardevolle raad oor finansiële bestuur verskaf. Daadwerklike hulpverlening, in die tradisie van die vroeë Kerk, soos dit in Handelinge 2:42-47 beskryf word, moet egter ook opnuut in oënskou geneem word, waar daar seniorvolwassenes is wat verarm, en dié swaar las alleen moet dra.
1.7 **Begeleiding tydens die dood en die rouproses**. Daar word kennis geneem van gekompakteerde rou
wat dikwels voorkom by seniorvolwassenes. Die geloofsgemeenskap kan dalk meer opleiding hieroor ontvang. **Sielkundig-Psigiatriese knelpunte**: Die tekens van Depressie, Angstoestande en die risiko van Selfdood, veral in die konteks van uitdagende lewensomstandighede, moet vroegtydig raakgesien word, en professionele hulp moet verkry word.

11. Aanbevelings

1. Die SDR keur die verslag goed.
2. Die SDR-lede word versoek om die verslag te versprei na die verskillende Ringe
3. Die SDR keur die versoek goed om eerder die term seniorvolwassebediening in plaas van bejaardesorg te gebruik.